Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

2 Junie 2023 Uitgawe: 7/2/2023

# UIT DIE KANTOOR

**Sport**

Die rugby- en netballiga maak Maandag, 5 Junie klaar. Die Motheo-uitspele vir die senior netbalspanne vind op 9 Junie plaas. Die res van die skool skakel egter dadelik oor na hokkie. Proewe vir die kies van spanne sal vanaf 12-21 Junie plaasvind. Ouers en leerders het reeds vroeër die week 'n skrywe ontvang.

Alle ouers van kinders wat vanjaar hokkie gaan speel, word genooi na die hokkie inligtingsvergadering wat sal plaasvind op Dinsdag, 6 Junie om 17:30 in die skoolsaal. Belangrike inligting van die seisoen word hanteer. Woon dit asb. by sodat u ingelig is rondom alle reëlings en uitdagings van die seisoen.

**Eksamen**

Die eksamen vir die Gr. 4-7 leerders begin op Maandag, 12 Junie. Die leerders het vandag hul eksamenafbakening ontvang. Maak asb. seker dat leerders dit ontvang het sodat hul deeglik kan voorberei vir die eksamen.

**Suigstokkiedag**

Graag wil ek elke ouer bedank wat suigstokkies geskenk het vir ons fondsinsamelingsprojek. Buiten die gelde wat hierdeur ingesamel is, was dit 'n heerlike dag. Die kinders was baie soet! Die gelde wat ingesamel is, sal gebruik word om ons aanwendingsfonds vir behoeftige leerders aan te vul.

**Bingo-aand**


Baie dankie aan die leerderraad-ouers wat gesorg het dat ons Gr. 6- en Gr. 7-leerders gisteraand 'n heerlike Bingo-aand kon bywoon. Dit was 'n heerlike aand van vermaak en kuier met die onderwysers wat hul lekker laat lag het. Ongelukkig was daar slegs 'n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar. Daar word beplan om volgende jaar weer so 'n aand aan te bied. Kinders moet dus volgende keer vroegtydig kaartjies koop.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 2-4 Jun.: | Voortrekkerkamp (Doornkloof) |
| 2 Jun.: | Tennisuitspele (Muddplein) |
| 3 Jun.: | Pom-Pom Kompetisie (Martie du Plessis) |
| | Rugby Sportdag by Pres. Steyn (slegs enkele spanne) |
| 5 Jun.: | Rugby/Netballiga vs Brandwag Primêre Skool |
| | Rugby afsluitingsbraai (17:00 - alle spanne) |
| 6 Jun.: | Gr. 4 & 5 Redenaars |
| | Hokkie inligtingsvergadering (17:30) |
| 9 Jun.: | SP Entrepreneursdag |
| | O/12 & O/13 Netbaluitspele |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 3 Jun.: | Juf. Retha vd Merwe (Musiek) |
| 7 Jun.: | Mnr. Gunter (Skoolhoof) |



# UITSLAE


## Netbal

Baie geluk aan die volgende dogters wat Vrystaatkleure in netbal verwerf het:

0/12 - Elzé Myburgh

0/13 - Lelanie Jordaan, Huibré Goosen, Jeanine Avontuur en Caylee Strydom.

**Tjokkies is baie trots op julle!**



## Kuns

Baie geluk aan die volgende leerders wat goed gedoen het met hul kunsprente:

## Bloemskou

| | |
|---|---|
| Ané Knauff | A++ |
| Amé Vertue | A+ |
| Pieter Viviers | B+ |
| Hanné Maartens | A |
| Géhan Viviers | A+ |
| Leandra Hattingh | A+ |
| Leamay Bosch | A |
| Alexis Saayman | A |
| Michal Potgieter | A++ |

## St. Michael's Art Festival Kompetisie

| | |
|---|---|
| Michal Potgieter | A+ |
| Alexis Saayman | A |
| Leamay Bosch | A+ |
| Leamay Bosch | B |
| Leandra Hattingh | A+ |
| Géhan Viviers | A |
| Hanné Maartens | A++ |
| Pieter Viviers | B |
| Amé Vertue | A+ |
| Ludwig Knauff | B |
| Ané Knauff | A |



*Baie geluk – prente kan by die skool se kantoor afgehaal word.*

## Wiskunde

Sien die uitslae van die Free State Maths Champ Competition hierby aangeheg. Baie geluk aan al die presteerders!

## Gimnastiek

Aangeheg uitslae vanaf Bloemfontein Gimnastiekklub.



# SNUFFELS


R85
OPTIMUM
HOUT
Almal
Kan
Regte
Hout
Aankoop
Bestellings:
https://forms.gle/Agwy9S9Wpi8wNnHC8
Beskikbaar by: Tjokkies (Swembad hek)
STREEPSAK
SwarTHaak




**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE

